Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Die leëraanvoerder van die Here!

Die fyn lyn tussen verantwoordelikheid, genade en oorwinning!

Skriflesing: Jos 5:1-6:7
Teksvers: Jos 5:13-15
Sing:
Ps 111-2:1-4
Sb 12-3:1-4
Ps 73-1:12
Ps 118-1:4
Ps 23-1:1,3
Ps 116-1:1-10
Lied 190:1,2,3
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Nicolene Wattel
Klank: Andre Beumer
Prediker: Ds Gerrit Kruger

Dikwels is ons so besig met die kerk van die Here, dat ons vergeet wat kerk eintlik oor gaan. Alles gaan oor die eer van God. Waar God is betree ons *"heilige grond"*. Ons kan so besig wees om korrek kerkordelik op te tree, maar intussen vergeet ons Wie eintlik in beheer is. God se genade oor sy kerk is ongelooflik groot en volmaak. So het ons reeds die oorwinning behaal, maar ons moet nie ons verantwoordelikheid vergeet nie. Ons gaan na drie sake kyk:

- Josua lei die Israeliete oor die Jordaan. Jos 3:1ev
- Josua lei die Israeliete tot Besnydenis en Paasfees. Jos 5:2-12
- Die leëraanvoerder v/d Here lei self die Israeliete. Jos 5:13-15

SONDAGAAND 18:00

Belofte, belydenis, troos en verwagting – Jesus Christus kom weer

Skriflesing: 1 Kor 11:14-34

Teksvers: 1 Kor 11: 26

Sing:
Sb 2-4:2,3
Sb 17-3:1,2
Ps 116:1
Ps 116:3,10
Sb 1-2:1,2,3
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Jaco Wattel
Klank: Charl vd Bergh
Prediker: Ds Paul vd Berg

Elke keer as ons nagmaal gebruik, word ons opgeroep om te besef dat ons deel het aan die Here se maaltyd. Hy is die Gasheer wat ons uitnooi om sonder enige bybedoelings of skynheiligheid of onverskilligheid, te kom aansit aan die tafel van die Here.

Die Here Jesus het in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem, en nadat Hy die seën uitgespreek het, het Hy dit gebreek en gesê: "*Dit is my liggaam vir julle. Doen dit ter herinnering aan My*." So ook met die beker ná die ete, met die woorde: "*Hierdie beker is die nuwe verbond deur my bloed. Doen dit, so dikwels as wat julle daaruit drink, ter herinnering aan My*."

Dan volg die woorde van ons teksvers (vers 26): "*Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom*".

Mag jy deel hê aan die nagmaal deur vas te hou aan sy belofte dat Hy weer kom. Mag jy vashou aan sy belofte dat Hy weer kom. Mag jy hierdie nagmaal en elke dag vertroos word en uitsien na Jesus Christus se wederkoms.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 44 Nr 30 8 September 2019
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

Kerkraadsvergadering en sy werking

Donderdagaand het die Kerkraad saam met die diakens vergader, volgens artikel 4 en 5 van die Kerkorde om te besin en te besluit oor 'n tweetal predikante, vir beroeping na die gemeente. Enige ampsdraer wat verkies word is 'n baie belangrike saak in die koninkryk, soveel te meer 'n predikant wat die gemeente moet voorgaan in Skrifverklaring en leiding. Daar was oor die sestig kerkraadslede en diakens teenwoordig en almal het baie ernstig voor God gebuig na gebede en bespreking.

Op die kerkraadsvergaderings is daar baie sake wat bespreek word. Die hele gemeentelike bedrywighede word behandel en bespreek en verslag van gedoen. Drie baie belangrike kommissies is die wat spesifiek handel oor die Woordbediening. Daar is die bedieningskommissie wat handel oor alle sake rondom die bediening van die Woord. Daaronder word die prediking bespreek en al die werk van die predikante en die ouderlinge aangaande die Woordbediening. Die volgende kommissie is die katkisasiekommissie wat handel oor die katkisasie, die kinders se bywoning, die katkisasieonderwysers se voorbereiding, lesmateriaal en alle sake rondom die katkisasie. Die evangelisasiekommissie handel oor alle evangelisasiewerk. Die gemeente het 'n beleid om veral betrokke te wees by die opleiding van predikante en daarom is ons baie betrokke by "Mukhanyo Theological School" waar ds. Maarten ook ondervoorsitter is van hulle raad. Ons is betrokke by Covenant College in Zambië, in 'n minder mate nou by Hefsiba in Mosambiek. Ons is baie betrokke by Geref. Kerk Tembisa. Die evangelisasiekommissie se werksaamhede word opgedeel in drie dele, Binnelandse evangelisasie, Buitelandse evangelisasie, dan 'n paar enkelpersone wat ons ondersteun. Bybelverspreiding word ook by die kommissie gereël. Dan is daar ook nog verskeie ander kommissies wat rapporteer onder andere die Jeug-, Finansies-, Instandhouding-, Diakonie en ook ad hoc (tydelike kommissies met spesifieke opdragte). Dit is elke keer 'n baie lywige vergadering en alles gaan om die Eer van God en die uitbreiding van die koninkryk.

Dit is met groot dankbaarheid dat die Gereformeerde kerk Centurion, baie gawes (lidmate) het met verskeie talente wat in die Koninkryk gebruik word. Maar elke lidmaat is deel van die liggaam van Christus en saam dien ons God (1 Kor 12:12-31). Elke lidmaat van die jongste tot die oudste is belangrik in die kerk vir God. Ons leef vanuit 'n diepe afhanklikheid van God (Mat 5:3) en Jesus Christus is die Hoof van die gemeente (Ef 1:22,23) en ons is sy liggaam.

Ef 1:22,23 *"Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as Hoof van die kerk. 23) Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul*."

Ds Gerrit

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

Telefoon: 012 664 2614
Faks: 012 664 0004
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Johan Kruger Alethea: Jan van Rooy

Diaken: Louise van Niekerk

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Geen

Volgende week: Geen

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

VAN DIE KERKRAADSTAFEL

Ter Approbasie as ouderling: Jaco Pretorius(B17), Pieter vd Dussen, Tinus Nel (diak)

Diaken: Matthys Lourens, Elsabe Barnard vd Meer

Onthef van die Roeping as Diaken: Frikkie Coetzer

Losmaking (geskied op 1 Oktober 2019 tydens die aanddiens):

Ouderling: Johan Kruger, Albie Venter, Sarel van Wyk, Jan Reinecke

Diaken: Corné du Plessis, Janes van Rooy

Attessake soos op 5 September 2019

Met attestasie aangesluit
Marie van der Walt vanaf GK Randburg (A06)
Nico en Cecilia Coetzee en 2 dooplidmate vanaf GK Rietvallei (C08)
Christoff en Leenster van Wyk en 4 dooplidmate vanaf GK Lyttelton (B15)
Dessiré van Staden vanaf GK Komatipoort (A12)
Cobus van Niekerk vanaf GK Bellville-Oos (C06)
Mias en Rita Smit vanaf GK Cullinan (B19)
Wouter en Karrie Grönum vanaf GK Lyttelton (B16)

Opgeneem uit ander kerke
Zinnaé Basson vanaf NG Kerksondermure (B09)
Joff en Adelaide van Schalkwyk en 2 dooplidmate (E01)
Hugo en Salome vd Berg en 2 dooplidmate (A12)

Gemeenskap beëindig
Harry Cassidy Oorsee (B13)
Tinus en Sarina Viljoen (C07)
Hantie Olivier en 3 dooplidmate na Lewende Woord (A14)
Lize Botha en 1 dooplidmaat na Choose Life Church (C03)
Danie van den Heever na Hervormde Kerk Rustenburg-Tuine (B14)
Hennie en Martie van Heerden en 2 dooplidmate na New Zeeland (C08)
Henro Viljoen (C07)

Met attestasie vertrek
Lizma Smit na GK Wapadrant
Tiaan Viljoen na GK Cachet

Argief
Esmé de Jager (A07)
Jan van der Westhuizen (B02)
Christine Venter (B02)
Marnus Venter (B02)
Wiaan Swanepoel (A09)
Barry en Elise Strydom en 2 dooplidmate (B15)
Andrea van der Westhuizen (B02)
Ine-Mari Venter (B02)
Christian Pretorius (B17)
William Gourley (A15)

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257.

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee.(664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

Damestee 12 Okt, 9:00-12:30, te Gk Centurion. Ten bate van Annabel Projek. Minderbevoorregte tiener dogters (Elandspoort). R150,00pp. Ligte verversings ingesluit. Kom ondersteun ons asb! Petro 0729888640/Forika - 0826980032

Bouplanne—Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitekswerk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en gebouplanne insluitend Stadsraad goedkeurings.

Naaldwerk—Herstel en verstelwerk aan klere, some ,vervanging van ritse asook skoolklere en vaswerk van kentekens (balkies). Skakel Magda Erwee 082 467 8376.

Veilige akkommodasie vir Selfversorgende Bejaardes

166 Woonstelle in Arcadia, Groenkloof en Danville
Geen mediese versorging of etes
Vervoer teen minimale koste na hospitale, klinieke, winkels
Enkelwoonstel: R2 530,00 per maand
1 Slaapkamer: R3 550,00 per maand
2 Slaapkamer: R3 820,00 per maand
Warm en koue water ingesluit
Kontak: Cornel by 012 343 2650
www.flowerfoundationpretoria.co.za

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

8 Sept	A12	Bieuwkje Pretorius
	A13	Willemien Riekert
	A14	Gwendy Gourley
	A15	Amanda Brink
15 Sept	B01	Rita van der Vyver
	B02	Petra Terblanche
	B03	Ronel Swanepoel
	B04	Helene Kruger

TOPIA Saambid en Kuiergeleentheid

Jy word hartlik uitgenooi na 'n TOPIA saambid - en kuiergeleentheid. Ons gaan terugvoer gee oor wat by TOPIA gebeur. Daarna gaan ons saam die Here dank en voorbidding doen. Bring asseblief 'n bordjie eetgoed.
Waar: GK Meyerspark
Wanneer: Vrydag 13 September 2019
Hoe laat: 19:00
RSVP: Lizanne Aucamp by 084 555 1890

Psalmaand

Almal word hartlik uitgenooi na die maandelikse Psalmaand by GK Brooklyn om 18:00 op Woensdag, 18 Sept. Die bekwame orrelis Philip Loots sorg vir die begeleiding.

El Shalem

Die volgende behoeftelys is ontvang van El Shalem:

4 x Los matte 500 x 700cm; lamineerder - A3 & A4; laserdrukker – kleur; blaser vir tuin; DVD speler; handdoeke; musiekinstrumente vir kinders (klokkies ens); 2 x groot potte (5L); 4 x moppe; guillotine vir die sny van papier; baniere x 2 - spesifikasies op versoek; Cum geskenkbewys vir die aankoop van CD's/DVD's; gereedskap om met leer te werk; opritte vir rolstoele; boekrakke; watergieters.

Navrae Pierre Struwig 082 688 7495

Ons gee om vir Mekaar

"Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor..." Ps 91:15

- Janes van Rooy sterk tuis aan (B2—082 771 1518).
- Faye Venter het 'n prosedure ondergaan (B21—082 453 8183)
- Conrad Stoltz sterk aan in Eugene Marais hospitaal (A14—654 2406).
- Meelewing word betuig met Annatjie van Wyk en gesin na die afsterwe van Van. Begrafnis vind plaas op Woensdag, 11 September om 10:00 te Zandfonteinbegrafplaas en 11:30 te GK Centurion.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Nagmaal

Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word vandag tydens al drie ons eredienste bedien.

Dit is heerlike Lente die Winter is verby!!

Bring en Braai -

- **8 September** na afloop van die Nagmaal om 12:00.
- Diakonie verskaf vure.

Kom kuier saam met jou Kleingroep/Wyk!!

Alethea Ministry 11:00

Worship Service
Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Tologiese Studentekas

Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Mukhanyo Afstand Onderrig

Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis

VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

08-Sep	Wilmarie	Rheeders	B06	27825151558
	Ig	Viljoen	A12	27817437101
09-Sep	Isie	Breytenbach	A03	27845820994
	Sophié	Kruger	A06	27728034057
	Frik	vd Walt	B07	27713099004
	Nan	Viljoen	A03	27827809735
10-Sep	Frikkie	Brits	C08	27828528037
11-Sep	Andrew	Marx	B12	27833370784
	Toekie	Meyer	C06	27721930625
12-Sep	Erika	de Bruin	A04	27827771687
	Louis	Dekker	B18	27845506904
	Tjaart	Venter	B08	27823944924
13-Sep	Hein	Greyling	A03	27824194111
	Mieke	Opperman	C11	27829426954
14-Sep	Marna	Bosua	C11	27832602043
	Susan	Human	A11	27828255615
	Christoff	van Wyk	B15	27822259831

DOOPLIDMATE

09-Sep	Erasmus	Bezuidenhout	B03	27835655789
	Kate	Daniels	E01	27711352420
11-Sep	Christoph	Strydom	A03	27828722215
13-Sep	Laker	Grünenfelder	C15	27790877564
14-Sep	Wilco	Prinsloo	B08	27848814321
	Lianey	Steyn	B08	27769051505
	Luan	Wakeford	C07	27824500923

Gemeentekamp 2019

Tema: Loofhuttefees

Tema leier : Ds Maarten van Helden

Datum: 4 tot 6 Oktober 2019

Plek: Achterbergh Oase, Krugersdorp

Warm- en koueswembad, kampstaanplekke, huise en kamers beskikbaar. Kom geniet 'n naweek van speel, eet en lekker kuier. Koste (met etes vir die naweek):

Gesinskamers R330pppn, R300 per kind

Huise en luukse kamers R540pppn,

R510 per kind

Kamp R245pppn, R130 per kind

Kom ons loof die Here!

Kontak: PW Groenewald 0828990342

Almal word hartlik uitgenooi na GK Centurion se

Orrelingebruikneming en

40-jaar feesviering

Sondagoggend, ***15 September 2019***

tydens die erediens.

Ons kuier na die erediens gesellig saam, rondom verversings.

Terugvoer oor GK Centurion se ondersteuning aan ds Mosiwa Molokwane en GK-Tembisa

Ds. Mosiwa Martin Molokwane bedien GK Tembisa as herder en leraar sedert 2005. Die Kerkraad van GK Centurion het destyds die versoek goedgekeur om ds Mosiwa te sustenteer onderworpe aan bepaalde voorwaardes. Onderandere word dit van GK Tembisa verwag om die Sotho-sprekendes in die Centurion omgewing te bedien. Daar word verder van ds Mosiwa verwag om by die geletterdheidsklasse betrokke te wees en het hy onlangs onderneem om klasse in Noord-Sotho (Sepedi) in ons gemeente aan te bied.

Ds Mosiwa het in Julie vanjaar 'n beroep na Vereeniging ontvang wat hy nie aanvaar het nie. Vir GK Tembisa was dit 'n groot verligting en het hulle tot die besef gekom hoe belangrik dit is dat hulle meer aan sy finansiële behoeftes moet voorsien en ook om meer onafhanklik te raak. Hierin word hulle aangemoedig want dit word al hoe moeiliker vir GK gemeentes om ondersteuning te bied.

Hy is baie opgewonde oor die veranderinge wat stadig maar seker in die gemeente plaasvind. Sekere groepe, veral jongmense neem leiding van spesifieke take wat onderhoud van terrein, uitreike, familie-, kinder- en vrouebediening en Christelike onderwys insluit.

Hulle wil ook 'n paar fondsinsamelingsprojekte van stapel stuur. Hulle wil die kerk se kombuis gebruik om wegneemetes te voorsien want die kerk is baie sentraal in Tembisa, asook naby 'n skool geleë. Hulle wil verbeteringe aanbring by die pastorie wat tans leeg staan, sodat dit weer verhuur kan word.

Ons is dankbaar dat ds Mosiwa voortgaan met sy werk in Tembisa en vir die goeie verhouding wat daar tussen GK Tembisa en GK Centurion bestaan. Dit is vir ds. Mosiwa baie belangrik dat GK Tembisa hulle deel bydrae tot die uitbouing van God se Koninkryk.